Ruiterkuns

"Daar is iets aan die buitekant van 'n perd wat goed is vir die binnekant van 'n mens."
- Wintston Churchill

Doelwit: *Om die Verkenner vertroud te maak met alle fasette van perdry, wat insluit die versorging van perde en rytoerusting sodat die Verkenner met selfvertroue 'n perd in die hand en onder die saal sal kan hanteer.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: As Christene het ons as Voortrekkers 'n plig om na te streef en om dit te kan doen in God se skepping, met dit wat Hy ons gee, maak dit soveel groter en meer besonder. Tydens die spesialisasie gaan die Verkenner die kultuuropdrag soos verduidelik in Genisis 1 : 28 kan uitleef.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Minstens 3 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die aanbieding hoef nie aaneenlopend te wees nie.		
Toekennings instansie:	Kommando, gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Die verskillende dele van 'n perd kan uitwys en die korrekte benamings daarvan ken.*

2. *Basiese sorg aan die perd kan gee deur:*
   - *2.1 Die hoewe te versorg.*
   - *2.2 Die perd volledig skoon te maak (maanhare, stert en pels).*
   - *2.3 'n Stal kan gereedmaak om die perd in te sit.*
   - *2.4 'n Kamp gereedmaak om 'n perd daarin te laat oornag.*

3. *Die voedingsbehoeftes van perde ken ten opsigte van:*
   - *3.1 Water.*
   - *3.2 Tipes en hoeveelheid hooi (die invloed hiervan op die perd se gedrag).*
   - *3.3 Kragvoerhoeveelheid en bestanddele (die invloed hiervan op die perd se gedrag).*
   - *3.4 Kalk en sout.*

4. *Kennis dra van die mees algemene siektes wat perde kan kry en die bestryding daarvan, naamlik:*
   - *4.1 Bosluiskoors.*
   - *4.2 Perdesiekte.*
   - *4.3 Wurms.*
   - *4.4 Koliek.*
   - *4.5 Beenbeserings.*

5. *Kennis dra van die versorging, gebruik en koste van rytoerusting:*
   - *5.1 Saals (verskillende tipes).*
   - *5.2 Gebitte (stange, trense en "pelham").*
   - *5.3 Buikgord.*
   - *5.4 Stiegrieme.*
   - *5.5 Teuels.*
   - *5.6 Toom.*
   - *5.7 Halter.*

5.8 *Lonsriem.*
5.9 *Lang sweep.*
5.10 *"Chambon".*
5.11 *Stiebeuels.*
5.12 *Oorgord.*
5.13 *Stertriem.*

6. *Die volgende vaardighede bemeester:*
   6.1 *Die perd uit 'n galop, draf en stap tot stilstand kan bring.*
   6.2 *Die perd kan laat stilstaan onder die saal sowel as in die hand.*
   6.3 *Die regte basiese rytegniek en -houding kan toepas.*
   6.4 *Te alle tye in beheer wees van die perd.*
   6.5 *Op 'n uitrit gaan van minstens **vyf** km, waar daar gedraf, gestap en galop word.*
   6.6 *Die perd volledig kan op- en afsaal.*
   6.7 *Die perd na 'n uitrit versorg: koudlei, afsaal, afborsel en roskam.*

7. *Die terminologie rondom perde en ruiterkuns ken en verstaan.*